Minutes AGM

NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE OPERASIONELE NAVORSINGSVERENIGING VAN SUID - AFRIKA, GEHOU OP DIE BUITEMUURSE KAMPUS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA OM 16h15 OP 17 NOVEMBER, 1976.

Voorsitter : Mnr HID du Plessis (President)
Sekretaris : Mnr KJH Jager.

LEDE AANWESIG :

VJ Watson	WL Kelly
CV Mayhook	GJ Rudolph
THC Smith	FP Joubert
NJ Breytenbach	TJ Stewart
AT Williams	MA de Vries
DC Low	RG Hoekstra
BJK Smith	KG van dør Poel
VE Rademacher	RM Mogg
AJ Blom	JS Wolvaardt
D Geden	JW Grobbelaar
JC Lawton	DJ Stoker
FCS Tumazos	GJJ van Zyl
R Eales	PJ Vermeulen
BL Joffe	M Sinclair
MP Roberts	HW Ittman
MJC Hall	PW Stark
HS Sichel	IA Krige
AES Krzesinski	TC McGiddy
J Affleck-Graves	LJ Raubenheimer
J Kelly	JD Roode

1. NOTULE

Die notule van die 1975 Algemene Jaarvergadering word as gelees beskou. Op 'n voorstel van mnr IA Krige wat deur prof JW Grobbelaar gesekondeer word, word die notule deur die vergadering goedgekeur.

2. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Die voorsitter rapporteer dat daar, gesien die beoogde verandering van boekjaar en die gevolglike verkorte boekjaar vir 1977, geen voorstel gemaak word om

ledegeld/.....

ledegeld van die Vereniging te verhoog nie.

3. PRESIDENTSVERSLAG

Die voorsitterstoel word oorhandig aan die Vise President, mnr R Eales, waarna die President sy verslag lewer.

Na 'n voorstel van mnr JS Wolvaardt wat geskondeer word deur mnr VE Rademacher, word die verslag eenparig aanvaar.

Die President neem hierna weer die stoel in.

4. FINANSIëLE VERSLAG

Die geouditeerde finansiële jaarstate van die Vereniging word deur die Tesourier, prof AH Money, aan die vergadering voorgehou. Na verdere toeligting, stel prof JW Grobbelaar voor dat die state aanvaar word en word gesekondeer deur mnr JS Wolvaardt. Die vergadering aanvaar die verslag eenparig.

Die voorsitter bedank prof Money vir die besondere toewyding wat hy aan die dag gelê het.

5. REDAKTEURSVERSLAG

Mnr MA de Vries lewer verslag as Redakteur van die Vereniging. Na 'n voorstel deur dr TJ Stewart wat gesekondeer word deur dr GJ Rudolph, word die verslag eenparig goedgekeur.

6. VERSLAG VAN DIE PLAASLIKE TAKKE VAN ONSA

Mnre TC McGiddy, MA de Vries en HID du Plessis (namens mnr JH MacKenzie) doen verslag oor die aktiwiteite van die plaaslike takke van die Vereniging in Johannesburg, Pretoria en Kaapstad.

7. WYSIGING VAN DIE GRONDWET VAN DIE VERENIGING

'n Voorstel dat paragraaf 17(d) van die Grondwet wat bepaal dat die finansiële jaar van die Vereniging op 31 Oktober van elke jaar eindig, só gewysig word dat die finansiële jaar in vervolg op 30 Junie van elke jaar eindig, met die verdere implikasie dat die volgende boekjaar sal strek vanaf 1 November 1976 tot 30 Junie 1977, word ter tafel geneem.

Na 'n voorstel in die verband deur mnr MA de Vries wat deur dr TJ Stewart gesekondeer word, word die voorgestelde wysiging met meerderheidstem ingevolge paragraaf 19

van/.....

van die Grondwet, goedgekeur.

8. VERKIESING VAN DIE NUWE UITVOERENDE KOMITEE

Die voorsitter maak bekend dat daar presies een nominasie vir elke vakature op die Uitvoerende Komitee ontvang is. In gevolge paragraaf 9(e) van die Grondwet word die genomineerdes onbestrede verkies.

Die nuwe Uitvoerende Komitee bestaan uit :

President	:	Mnr R Eales
Vise President	:	Dr TJ Stewart
Uitgetrede President	:	Mnr HID du Plessis
Sekretaris	:	Mnr IA Krige
Tesourier	:	Mnr TC McGiddy
Redakteur	:	Mnr MA de Vries
Verkose Lede	:	Mnr RG Hoekstra
		Prof G de V de Kock

9. ALGEMEEN

Mnr BJK Smith vra dat meer aandag gegee word aan die uitstuur van lidmmatskap-aansoekvorms aan belangstellendes. Daar word aan die hand gedoen dat aansoekvorms saam met die nuusbrief aan alle lede van die Vereniging gestuur word vir verspreiding.

Die Universiteit van Kaapstad rig 'n versoek aan die Operasionele Navorsings en Statistiese Verenigings om in 1979 'n gesamentlike kongres op die kampus van die universiteit te hou, om saam te val met die 150ste bestaansjaar van die inrigting.

Daar word bekend gemaak dat die kongres in 1977 gesamentlik met die Statistiese Vereniging in Port Elizabeth gehou sal word.

Mnr JS Wolvaardt spreek sy waardering uit vir wat die uittredende Uitvoerende Komitee en die kongreskonvener gedurende die jaar verrig het.

10. DIE TOM ROZWADOWSKI-TOEKENNING

Mnr HID du Plessis maak bekend dat mnr BJK Smith die 1976 toekenning van die

Tom/.....

Tom Rozwadowski-toekenning ontvang vir sy voordrag op die 1975 kongres. Hierna oorhandig hy 'n medalje aan mnr Smith.

Die vergadering sluit om 17h30.

GETEKEN TE ..... OP .....

.....

VOORSITTER